Dinsdag **3 September**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 3:1 – 4:1**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 3:10**

**Samuel – deur die HERE geroep**

In die tyd van Samuel was die Woord van die Here skaars. Min mense het in verhouding met die Here geleef. Selfs Samuel, wat in die huis van ’n priester opgegroei het, het die Here nie geken nie (1 Sam. 3:7).

Daarom praat die Here direk met Samuel. Hy gee vir hom ’n boodskap. Hy vertel vir hom wat Hy met die volk gaan doen. Die volk Israel sal die Here tot stilstand ruk. Die verbondsvolk moet onthou Wie die Here is. Hierdie boodskap moet Samuel as profeet verkondig. Dit is baie belangrik, want uit die volk moet die Verlosser gebore word. As hulle van die Here wegdwaal en tot niet gaan, dan kan Jesus Christus nie gebore word nie. Daarom gryp die Here in en bewerk Hy hervorming onder sy volk.

Vandag hoor ons die Here se stem uit sy Woord. Uit die Bybel. Daardeur praat die Here direk met ons. Hierin hoor ons die lewende evangelie. Die werke van Jesus Christus is in sy volheid aan ons geopenbaar. As Christene is elkeen van ons geroepe dienaars van die Here. Ons mag dien in die amp van die gelowige. Daarin is ons priesters, profete en konings. As priesters is ons geroep om ’n lewe van dankbaarheid voor God te leef. As profete om sy Woord te verkondig, dit met woord en daad. As konings is ons geroep om die skepping te beskerm en te bewaar. Die Here stel ons aan as rentmeesters.

Die Here het jou gemaak om Hom te dien en eer. Dit is die doel van jou lewe. Daar waar jy is, daar mag jy jou lewenskrag gebruik tot sy eer, tot opbou van sy koninkryk. Met alles wat jy is en het. Die Here is Koning!

*Sing: Psalm 97-1:1*

*Ds. GP Meijer (Gerben) (Waterkloofrand)*